HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

SPESIFIEKE OUEROMSENDBRIEF NO 36 VAN 2019

20 Augustus 2019

Beste Koorouer / -voog,

Soos wat ek gistermiddag vinnig in 'n *WhatsApp* gesê het, het mnr Booysen versoek dat die 2019-koor (matrieks ingesluit), sal aanhou oefen totdat die koor aan die *Sing in Harmonie* finaal, op 12 Oktober 2019, deelneem.

Die koor wat aan die video-opname deelgeneem het, moet uit die aard van die saak ook aan die finaal deelneem.

<u>Praktiese reëlings</u>

Kooroefeninge word vir die res van die jaar verkort. Ons sal steeds 17:30 begin oefen, maar ons sal reeds **19:00** klaarmaak. Daar sal 'n 15 minute pouse wees, waarin die snoepie oop sal wees.
(LW: Die snoepie sal nie vanaand oop wees nie, maar wél by al die ander oefeninge)

Hierdie oefeninge is baie belangrik, aangesien ons graag wil hê dat die koor op hulle heel beste moet klink wanneer hulle op *KykNet* gesien en gehoor word. Daar gaan nog heelwat afronding aan die stukke gedoen word. Ons wil graag hê dat die koor voorbereid, afgerond en met baie selfvertroue en energie sal optree.

Datums van oefeninge (in die Ouditorium)

1) Vanaand, 20 Augustus : Oefening

2) Dinsdag, 27 Augustus : Nie oefening nie

   (Een van Franco se komposisies word by 'n *Greenscapes* konsert in die St Martin in the Veld kerk uitgevoer. Franco is dus nie hierdie aand beskikbaar vir oefening nie. Indien daar enige koorlede en ouers is wat belangstel om hierdie konsert by te woon, reël ek dit graag. Laat weet my asb. per *WhatsApp*. Meer inligting later hieroor.)

3) Dinsdag, 3 September : Oefening

4) Dinsdag, 10 en Dinsdag, 17 September: Nie oefening nie.

   (Franco is ongelukkig nie op hierdie twee aande beskikbaar nie.)

5) Dinsdag, 24 September : Skoolvakansie

6) Dinsdag, 1 Oktober : Oefening

7) Dinsdag, 8 Oktober : Oefening

Saterdag, 12 Oktober : *Sing in Harmonie* finaal, 17:00 by Gold Reef City. Die koor word met busse geneem en weer teruggebring skool toe.

Die jaarafsluiting, asook die oudisies vir die 2020-koor, word dus tot later kennisgewing uitgestel.

Indien daar enige navrae is, kan u gerus vir my 'n e-pos, sms of *WhatsApp* stuur.

Vriendelike groete

Elsa Nel: Organiseerder
dutoitelsa@gmail.com of 083 271 7234

Mnr P Booysen: Hoof